VRAE OOR Die boodskapper deur Peter Snyders

1.	Watter soort gedig, dink jy, kry ons hier? Kies jou antwoord uit die volgende:	
	A.	'n ode
	B.	'n elegie
	C.	'n ballade
	D.	'n liefdesgedig
2.	Verduidelik die betekenis van "speels" soos dit in die gedig voorkom.	
3.	"Djy is so naby soes die helderste ster" Hoekom is hierdie woorde eintlik ironies?	
4.	Wie/Wat is Venus?	
5.	Hoekom is dit spesifiek Venus wat die boodskap aan die spreker se geliefde moet oordra?	
6.	Wanneer sal die spreker se geliefde blykbaar die boodskap ontvang?	
7.	Hoe sal die geliefde reeds weet waaroor die briefie handel nog voordat sy dit oopgemaak het?	
8.	Met watter simbool word 'n "soentjie op die omslag" aangedui?	
9.	Hierdie gedig is nie in standaard-Afrikaans geskryf nie. Wat noem ons die dialek wat hier gebruik word?	
10.	Gee die standaard-Afrikaans vir die volgende woorde:	
	10.1	soe
	10.2	djy's
	10.3	stiek yt

11. Die titel van die gedig is "Die boodskapper".

(a) Wie is die boodskapper na wie daar in die titel verwys word? (1)

(b) Watter boodskap moet die boodskapper oordra? (1)

12.Watter soort spreker is in die gedig aan die woord? (1)

12.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die

vraagnommer (12.1.1) en die antwoord neer.

12.1 In strofe 1 kry ons 'n gevoel van (eensaamheid/romanse). (1)

13 Haal 'n reël uit strofe 2 aan waarin 'n hiperbool voorkom. (1)

14Watter woord in strofe 2 kontrasteer met "naby"? (1)

15. Wat moes die geliefde doen om die briefie in die hande te kry? (1)

16. Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer (9.2.7)
en die letter (A–D) neer, byvoorbeeld 9.2.7 E.
Die titel skep die idee dat die spreker nie by die geliefde is nie.
Watter ander aanduiding in die gedig wys dat hulle nie by mekaar is
nie?
A.Die spreker sê die aandster knipoog.
B.Die spreker gee vir die geliefde 'n soentjie.
C. Die spreker los vir die geliefde 'n boodskap by Venus.
D.Die spreker vergelyk die geliefde met die helderste ster. (1)
17. Motiveer waarom die stelling hieronder WAAR is.
Die gedig is 'n voorbeeld van 'n vrye vers. (1)
18. Waarom verwys die spreker in die gedig spesifiek na Venus? (1)
19.Waarom is die taalgebruik in die gedig aanvaarbaar? (1)
20. Sou jy daarvan gehou het as jy so 'n briefie van jou geliefde af gekry
het? Motiveer jou antwoord. (1)
21. Vandag sal verliefdes so 'n brief met "Mwah!" afsluit. Hoe sluit die
spreker in hierdie gedig die liefdesbrief af? (1)
22. Die volgende gebeure hou verband met die verloop van die gebeure
in die gedig. Skryf die vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE
neer:
A.Die spreker het aan die geliefde gedink.
B.Die aandster het die spreker aan die geliefde herinner.
C.Die spreker het die geliefde vertel waar die briefie was.
D.Die spreker het vir die geliefde 'n briefie geskryf. (4)